www.conspirito.co.za

# ALGEMENE REËLS EN RIGLYNE: REDENAARS

## INDIVIDUELE EN SPANREDENAARS

1. Berei ‘n beredeneerbare toespraak voor.

2. Daar kan vir **SES** afdelings afsonderlik onder individuele en/of spanredenaars ingeskryf word:
    a. VOORBEREID: Eie keuse
    b. VOORBEREID: Voorgeskrewe tema
    c. VOORBEREID: Tweetalige toespraak Eie keuse (50% Afrikaans en 50% Engels)
    d. VOORBEREID: Eksperimenteel Eie keuse (m.a.w. hulpmiddels word toegelaat)
    e. ONVOORBEREID
    f. VOORBEREID: Tegniese bemarking (Nuut!!!) – Slegs by venues

3. Let wel, **slegs** Graad 4 tot 12 leerders mag vir die onvoorbereide afdelings inskryf.

4. Deelnemers kry 20 minute voorbereidingstyd vir die onvoorbereide toesprake. Hulle kry slegs ‘n reeds geformuleerde onderwerp en moet self besluit of hulle daarVOOR of daarTEEN praat. Geen bronne word gegee nie.

5. Let wel, die deelnemers moet meld of hulle vir Eerste of Tweede taal inskryf.

6. Deelnemers skryf volgens hul graad in.

7. **VOORGESKREWE TYE**
    - Individuele sprekers:
        - Graad 1 - 5 se maksimumtyd is 4 minute
        - Graad 6 - 7 se maksimumtyd is 5 minute
        - Graad 8 - 12 se maksimumtyd is 7 minute
    - Spanredenaars:
        - Graad 1 - 5 se maksimumtyd is 8 minute
        - Graad 6 - 7 se maksimumtyd is 12 minute
        - Graad 8 - 12 se maksimumtyd is 15 minute

8. **VOORGESKREWE TEMAS** vir individuele en spanredenaars (formuleer jou eie onderwerp uit die tema):

| | **Afrikaans** | **Engels** |
|---|---|---|
| Graad 1 | Eet | Blue |
| Graad 2 | Soet | Tongue |
| Graad 3 | Besig | Run |
| Graad 4 | Werk | Walk |
| Graad 5 | Tuis | Plain |
| Graad 6 | Spier | Power |
| Graad 7 | Buie | Explore |
| Graad 8 tot 9 | Lyn | Sky |
| Graad 10 tot 12 | Red | Explode |

******Let wel:*** *Uit die tema moet 'n onderwerp geformuleer word wat 'n standpunt bevat en die standpunt moet aan die hand van argumente en bronne beredeneer word. Met ander woorde dit is 'n beredeneerde toespraak en nie 'n praatjie nie*

**Toegewing 2021:**

Gerig op die Algemene reëls punt 15: Geen deelnemer of groep mag dieselfde werk vir twee agtereenvolgende jare aanbied nie. *Leerders mag egter hulle selfde ATKV-toesprake van 2020 weer in 2021 gebruik onder EIE KEUSE.* Con Spirito se nuwe van 2021 moet egter vir die voorgeskrewe temas gebruik word.

9. **Span-/Groepsredenaars** (drie of vier sprekers per groep in **DIESELFDE** graad)

## Tegniese bemarking *(Nuut!!!)* – Slegs by venues

1. Berei 'n voorlegging voor om iets te bemark.
2. Maak van tegnologie gebruik.
3. Die volgende word beoordeel:
    a. 25% taal en spraakvaardigheid
    b. 25% oortuiging
    c. 25% hantering van die rekenaar en tegniese gebruik
    d. 25% aanbieding
4. Daar word 'n projektor en skerm voorsien. Deelnemer gebruik eie rekenaar.
5. Deelnemers skryf volgens hul graad in.
6. Let wel, alle grade mag vir hierdie item inskryf.
7. Afrikaans en/of Engels: die deelnemers moet meld of hulle vir Eerste of Tweede taal inskryf.
8. **VOORGESKREWE TYE**
    a. Graad 1 tot 5 se maksimumtyd is 5 minute; Graad 6 tot 7 se maksimumtyd is 6 minute; Graad 8 tot 12 se maksimumtyd is 7 minute

**GEEN VOORGESKREWE TEMAS**: Slegs eie keuse